

Origineel


BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Woensdag, 22 Mei 1968

WINDHOEK

Wednesday, 22 May 1968

No. 2890

INHOUD

CONTENTS

Bladsy / Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

No. 74 Ordonnansies 1968: Uitvaardiging van Ordinances, 1968: Promulgation of 838

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir
gemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

antoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for
general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 74.] [22 Mei 1968

No. 74.]

[22 May 1968

ORDONNANSIES, 1968: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCES, 1968: PROMULGATION OF

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring
te gee, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Kon-
stitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan
die volgende Ordonnansies wat hierby vir algemene inlig-
ting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van ge-
elde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in
terms of section 27 of the South West Africa Constitution
Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinances
which are hereby published for general information in
terms of section 29 of the said Act:—

No.	Titel	Bladsy	No.	Title	Page
No. 11	Munisipale Wysigingsordonnansie 1968	839	No. 11	Municipal Amendment Ordinance, 1968	840
No. 12	Wysigingsordonnansie op Paaie 1968	843	No. 12	Roads Amendment Ordinance, 1968	844
No. 13	Dorpsbeplanningswysigingsordonnansie 1968	845	No. 13	Town Planning Amendment Ordinance, 1968	846
No. 14	Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1968	847	No. 14	Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1968	848

No. 11 van 1968.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963 om voorsiening te maak vir die bestaan van behuisingslenings vir die aankoop van wonings, vir die uitbreiding van die kategorie van persone aan wie sulke lenings nie toegestaan mag word nie, vir die bestaan van verdere lenings aan persone aan wie behuisingslenings alreeds toegestaan is, vir die oorname van 'n bestaande lening deur iemand anders as die oorspronklike lener en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Goedgekeur 14 Mei 1968.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 233 van Ordonnansie 13 van 1963 soos gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 37 van 1967.

1. (1) Artikel 233 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende te vervang —

„(b) geld op eerste verband (wat ten gunste van sodanige raad gepasseer moet word) op die grond waarop 'n woning opgerig is of opgerig staan te word, aan iemand leen om hom in staat te stel om daardie woning vir die huisvesting van homself en sy afhanklikes te koop of op te rig;”;

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang —

„(3) Geen lening mag ingevolge subartikel (1) toegestaan word nie aan iemand wat die eienaar is van 'n gebou wat geskik is om deur mense bewoon te word of wie se gade die eienaar is van so 'n gebou, tensy die goedkeuring van die Administrateur vooraf daartoe verkry is.

(c) deur die volgende subartikels na subartikel (3) in te voeg —

(3)A Behoudens die bepalings van subartikels (3)B en (3)C kan die raad met die goedkeuring van die Administrateur aan iemand aan wie 'n lening ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) (hierna 'n behuisingslening genoem) toegestaan is, 'n verdere lening toestaan om hom in staat te stel om die woning ten opsigte waarvan sodanige behuisingslening toegestaan is, te herbou, te verander, te vergroot, te verbou of te herstel.

(3)B Waar die bedrag wat werklik deur iemand aan wie 'n behuisingslening toegestaan is (hierna die lener genoem) verskuldig is uit hoofde van 'n verband wat 'n behuisingslening verseker, minder is as die bedrag van die verband, moet die bedrag van 'n verdere lening ingevolge subartikel (3)A nie die verskil tussen die bedrag aldus verskuldig en die bedrag van die verband oorskry nie, en so 'n verdere lening word dan ook geag deur sodanige verband versekureer te wees asof dit 'n gedeelte van die oorspronklike behuisingslening was.

No. 11 of 1968.]

ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963, to provide for the granting of housing loans for the purchase of dwellings, for the extension of the category of persons to whom such loans shall not be granted, for the granting of further loans to persons to whom housing loans have already been granted, for the taking over of an existing loans by a person other than the original borrower and for matters incidental thereto.

(Assented to 14th May 1968.)

(English Text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. (1) Section 233 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) — hereinafter referred to as the principal ordinance — is hereby amended —

Amendment of section 233 of Ordinance 13 of 1963 as amended by section 2 of Ordinance 37 of 1967.

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following:—

“(b) lend money on first mortgage (to be passed in favour of such Council) over the land on which a dwelling has been or is to be constructed to any person to enable him to purchase or construct that dwelling for the accommodation of himself and his dependants;”;

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:—

“(3) No loan shall be granted under subsection (1) to any person who is the owner of a building which is fit for human occupation or whose spouse is the owner of any such building, unless the prior approval of the Administrator has been obtained thereto.

(c) by the addition of the following subsections after subsection (3) —

(3)A Save as is provided in subsections (3)B and 3(C) the Council may, with the approval of the Administrator, grant any person to whom a loan was granted under paragraph (b) of subsection (1) (hereinafter called a housing loan) a further loan to enable him to reconstruct, alter, enlarge, adapt or repair the dwelling in respect of which such housing loan was granted.

(3)B Where the amount actually owing by any person to whom a housing loan was granted (hereinafter called the borrower) under a mortgage bond securing a housing loan, is less than the amount of the bond, the amount of a further loan under subsection (3)A shall not exceed the difference between the amount so owing and the amount of the bond, and any such further loan shall also be deemed to be secured by such bond as if it were a portion of the original housing loan.

(3)C Waar 'n behuisingslening wat aan 'n lener toegestaan is minder is as die lening wat aan hom toegestaan kon gewees het, moet die bedrag van enige verdere lening ingevolge subartikel (3)A nie die verskil tussen die behuisingslening toegestaan en die lening wat toegestaan kon gewees het, oorskry nie en moet sodanige verdere lening deur 'n verdere verband ten gunste van die Raad op die grond waarop die betrokke woning gebou is, verseker word en sodanige verdere verband geniet dieselfde voorrang as die eerste verband oor bedoelde grond.

(3)D Indien iemand voldoen aan die vereistes waaraan enige besondere lener moes voldoen het om die betrokke behuisingslening te verkry, kan die raad met die goedkeuring van die Administrateur toestemming verleen vir die oorname deur so iemand van die belange en verpligtings van die lener ten opsigte van bedoelde lening en ten einde daaraan gevolg te gee, kan die raad toestem dat so iemand in die plek van die lener as verbandgewer ten opsigte van die bestaande verband gestel word, en die bepalings van hierdie artikel met betrekking tot behuisingslenings is van toepassing ten opsigte van iemand wat aldus die belange en verpligtings van die lener oorgeneem het asof die lening oorspronklik aan hom toegestaan was.

(3)E Indien die huurder van 'n woning wat deur die raad ingevolge paragraaf (a) van subartikel (1) verhuur word, versuim om die huurgeld wat deur hom betaalbaar is, op die vervalddag te betaal, kan die raad stappe doen om die bedrag van die verskuldigde huurgeld te verhaal deur aksie in 'n bevoegde hof.”;

- (d) deur in paragraaf (a) van subartikel (4) na die woord „opgerig” die woorde „of aangekoop” in te voeg; en
- (e) deur in paragraaf (c) (ii) van subartikel (5) na die woord „oprigiting” die woorde „of aankoop” in te voeg.

(2) Paragraawe (a), (c), (d) en (e) word geag op die datum van inwerkingtreding van die hoofordonnansie in werking te getree het.

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Munisipale Wysigings-
ordonnansie 1968.

(3)C Where a housing loan granted to a borrower is less than the loan which could have been granted to him, the amount of any further loan under subsection (3)A shall not exceed the difference between the housing loan granted and the loan which could have been granted, and such further loan shall be secured by a further mortgage bond in favour of the Council over the land on which the dwelling concerned is constructed, and such further mortgage bond shall rank with the first bond over such land.

(3)D If any person complies with the requirements with which any particular borrower would have had to comply to obtain the housing loan concerned the Council may, with the approval of the Administrator, consent to the taking over by such person of the interests and liabilities of the borrower in respect of such loan and, in order to give effect thereto, may consent to the substitution for the borrower of such person as mortgagor in respect of the existing mortgage bond and the provisions of this section relating to housing loans shall apply in respect of any person who has so taken over the interests and liabilities of the borrower as if the loan had originally been granted to him.

(3)E If the tenant of a dwelling leased by the Council under paragraph (a) of subsection (1) fails to pay the rental payable by him on the due date, the Council may take steps to recover the amount of the rental due by action in a competent court.”;

- (d) by the insertion in paragraph (a) of subsection (4) after the word “constructed” of the words “or purchased” and
- (e) by the insertion in paragraph (c) (ii) of subsection (5) after the word “construction” of the words “or purchase”.

(2) Paragraphs (a), (c), (d) and (e) are deemed to have come into operation on the date of coming into operation of the principal ordinance.

2. This ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance, 1968. Short title.

No. 12 van 1968.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) om verwysings na die Padverkeersordonnansie 1961 deur verwysings na die Ordonnansie op Padverkeer 1967 te vervang en om voorsiening te maak vir 'n ander grondslag vir die beperking van die aanspreeklikheid van die Administrasie vir skadevergoeding.

(Goedgekeur 14 Mei 1968.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Vervanging in Ordonnansie 28 van 1962 van „Padverkeersordonnansie 1961 (Ordonnansie 21 van 1961)” deur „Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967)”.

1. Die Ordonnansie op Paaie 1962 — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die uitdrukking „Padverkeersordonnansie 1961 (Ordonnansie 21 van 1961) soos gewysig” oral waar dit voorkom deur die uitdrukking “Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967)” te vervang.

Wysiging van artikel 60 van Ordonnansie 28 van 1962 soos gewysig deur artikel 7 van Ordonnansie 6 van 1964.

2. Artikel 60 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word geen regsgeding teen die Administrasie ingestel nie ten opsigte van skade wat gely is of beweerd word gely te wees weens 'n versuim of die nalatigheid van die Administrasie in verband met enige aangeleentheid betreffende die toestand van enige pad onder sy beheer of ten gevolge van 'n handeling verrig deur 'n beampte of werknemer van die Administrasie in die uitvoering van sy pligte in verband met so 'n pad, tensy —

- (a) skriftelike kennisgewing van die eis met duidelike en uitdruklike vermelding van die eisorsaak binne veertig dae na die ontstaan daarvan aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika bestel is, en
- (b) so 'n geding binne sestig dae nadat die Administrasie die eiser van sy besluit verwittig het, ingestel word.”

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Paaie 1968.

No. 12 of 1968.]

ORDINANCE

To amend the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) to substitute references to the Road Traffic Ordinance, 1967, for references to the Road Traffic Ordinance, 1961, and to provide for another basis for the limitation of the liability of the Administration for compensation for damages.

(Assented to 14th May 1968.)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Roads Ordinance, 1962 — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the substitution for the expression “Road Traffic Ordinance, 1961 (Ordinance 21 of 1961) as amended” wherever it appears of the expression “Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967)”.

Substitution in Ordinance 28 of 1962 for “Road Traffic Ordinance, 1961 (Ordinance 21 of 1961)” of “Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967)”.

2. Section 60 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:—

Amendment of section 60 of Ordinance 28 of 1962 as amended by section 7 of Ordinance 6 of 1964.

“(1) Save as is provided in subsection (2) no action shall lie against the Administration in respect of damages sustained or alleged to have been sustained by reason of any default or negligence of the Administration in connection with any matter relating to the condition of any road under its control or as a result of any act performed by any officer or employee of the Administration in the exercise of his duties in connection with any such road, unless —

- (a) written notice of such claim clearly and explicitly stating the cause of action shall have been served upon the Secretary for South West Africa within forty days after the cause of action arose; and
- (b) such action is instituted within sixty days after the Administration has informed the claimant of its decision.”.

3. This ordinance shall be called the Roads Amendment Ordinance, 1968.

Short title.

No. 13 van 1968.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 om voorsiening te maak vir 'n vermoede dat 'n plaaslike bestuur in die derde bylae by die ordonnansie genoem, 'n besluit geneem het om 'n dorpsbeplanning-skema te ontwerp en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Goedgekeur 14 Mei 1968.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 18 van 1954.

1. Artikel 3 van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die volgende subartikel daarby te voeg terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:—

„(2) By die toepassing van hierdie ordonnansie word elke plaaslike bestuur in die derde bylae genoem, geag 'n formele besluit om 'n skema te ontwerp te geneem het en word dit geag dat so 'n besluit van krag geword het.”

Wysiging van artikel 16 van Ordonnansie 18 van 1954.

2. Artikel 16 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde „tree in werking” deur die woorde „word van krag” te vervang.

Wysiging van artikel 39 van Ordonnansie 18 van 1954.

3. Artikel 39 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde „Waar dit te eniger tyd na die inwerkingtreding van 'n besluit om 'n skema te ontwerp” deur die woorde „Waar dit te eniger tyd nadat 'n besluit om 'n skema te ontwerp van krag geword het” te vervang.

Wysiging van artikel 40 van Ordonnansie 18 van 1954.

4. Artikel 40 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Na die inwerkingtreding van 'n besluit om 'n skema te ontwerp” deur die woorde „Nadat 'n besluit om 'n skema te ontwerp van krag geword het” te vervang.

Kort titel.

5. Hierdie ordonnansie heet die Dorpsbeplannings-wysigingsordonnansie 1968 en word geag op die datum van inwerkingtreding van die hoofordonnansie in werking te getree het.

No. 13 of 1968.]

ORDINANCE

To amend the Town Planning Ordinance, 1954, to provide for a presumption that a local authority mentioned in the third schedule to the ordinance has taken a resolution to prepare a town planning scheme, and for matters incidental thereto.

(Assented to 14th May 1968.)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 3 of the Town Planning Ordinance, 1954 — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the addition of the following subsection; the existing section becoming subsection (1):—

Amendment of section 3 of Ordinance 18 of 1954.

“(2) For the purposes of this ordinance every local authority mentioned in the third schedule shall be deemed to have taken a formal resolution to prepare a scheme and such resolution shall be deemed to have taken effect.”.

2. Section 16 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text of subsection (2) for the words “tree in werking” of the words “word van krag”.

Amendment of section 16 of Ordinance 18 of 1954.

3. Section 39 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text of subsection (1) for the words “Waar dit te eniger tyd na die inwerkingtreding van ’n besluit om ’n skema te ontwerp” of the words “Waar dit te eniger tyd nadat ’n besluit om ’n skema te ontwerp van krag geword het”.

Amendment of section 39 of Ordinance 18 of 1954.

4. Section 40 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the words „Na die inwerkingtreding van ’n besluit om ’n skema te ontwerp” of the words “Nadat ’n besluit om ’n skema te ontwerp van krag geword het”.

Amendment of section 40 of Ordinance 18 of 1954.

5. This ordinance shall be called the Town Planning Amendment Ordinance, 1968, and shall be deemed to have come into operation on the date of commencement of the principal ordinance.

Short title.

No. 14 van 1968.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wetsbepaling met betrekking tot die verkoop en beheer van sterk drank om aan 'n dranklisensiehof magtiging te verleen om wanneer hy 'n aansoek deur 'n Kleurling om 'n kleinhandel-lisensie ten opsigte van 'n perseel in 'n goedgekeurde dorp vir Kleurlinge toestaan, 'n voorwaarde op te lê wat die verkoop van drank aan Kleurlinge vir verbruik buite die betrokke gelisensieerde perseel, magtig en voorts om so 'n hof te magtig om 'n bottellisensie aan 'n Kleurling toe te ken ten opsigte van 'n perseel in so 'n dorp.

(Goedgekeur 14 Mei 1968.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 7 van Proklamasie 6 van 1920, soos gewysig by artikel 2 van Proklamasie 27 van 1923, artikel 4 van Ordonnansie 3 van 1927, artikel 4 van Proklamasie 32 van 1931, artikel 2 van Ordonnansie 15 van 1941, artikel 2 van Ordonnansie 11 van 1942, artikel 2 van Proklamasie 28 van 1943, artikel 4 van Ordonnansie 47 van 1952, artikel 2 van Ordonnansie 31 van 1955, artikel 1 van Ordonnansie 44 van 1957, artikel 2 van Ordonnansie 34 van 1958, artikel 2 van Ordonnansie 22 van 1959, artikel 1 van Ordonnansie 4 van 1961, artikel 2 van Ordonnansie 5 van 1963, artikel 1 van Ordonnansie 3 van 1966 en artikel 1 van Ordonnansie 7 van 1967.

1. Artikel 7 van die „Drank Licentie Proklamasie, 1920” word hiermee gewysig —

- (a) deur aan die end van subartikel (2) *quat* (b) die woorde „met inbegrip van 'n voorwaarde wat die verkoop van drank aan Kleurlinge vir verbruik buite die betrokke gelisensieerde perseel magtig” by te voeg; en
- (b) deur na subartikel (3) *ter* (c) die volgende subartikel in te voeg:

„(3) *quat* (a). Geen bepaling van hierdie proklamasie of enige ander wet word geag die toekenning van 'n bottellisensie aan 'n Kleurling, soos in subartikel (2) *quat* (e) omskryf, ten opsigte van 'n perseel in 'n goedgekeurde dorp, soos in daardie subartikel omskryf, vir kleurlinge vir die verskaffing van drank aan Kleurlinge te belet nie.

(b). Dit is 'n voorwaarde van elke lisensie wat ingevolge die bepalings van hierdie subartikel toegeken word dat geen drank ingevolge daarvan aan 'n blanke verskaf mag word nie.

(c). Behoudens die bepalings van hierdie subartikel is al die bepalings van hierdie proklamasie met betrekking tot die verkoop van drank ingevolge 'n bottellisensie *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n bottellisensie kragtens hierdie subartikel toegeken.”

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1968.

No. 14 of 1968.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the sale and control of intoxicating liquor so as to empower a liquor licensing court when granting an application by a Coloured person for a retail licence in respect of premises in an approved township for Coloured persons, to impose a condition authorising the sale of liquor to Coloured persons for consumption off the licensed premises concerned and further to empower such a court to grant a bottle licence to a Coloured person in respect of premises in such a township.

(Assented to 14th May 1968.)

(English Text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 7 of the Liquor Licensing Proclamation, 1920 is hereby amended —

- (a) by the insertion at the end of subsection (2) *quat* (b) of the words “including a condition which authorises the sale of liquor to coloured persons for consumption off the licensed premises concerned; and
- (b) by the insertion of the following subsection after subsection (3) *ter* (c):

“(3) *quat* (a). Nothing in this Proclamation or any other law contained shall be deemed to prevent the grant of a bottle licence to a Coloured person as defined in subsection (2) *quat* (e), in respect of premises in an approved township, as defined in that subsection, for Coloured persons for the supply of liquor to Coloured persons.

(b) It shall be a condition of every licence granted under the provisions of this subsection that no liquor shall be supplied thereunder to a European.

(c) Subject to the provisions of this subsection, all the provisions of this proclamation relating to the sale of liquor under a bottle licence shall *mutatis mutandis* apply in respect of a bottle licence granted under this subsection.”

Amendment of section 7 of Proclamation 6 of 1920, as amended by section 2 of Proclamation 27 of 1923, section 4 of Ordinance 3 of 1927, section 4 of Proclamation 32 of 1931, section 2 of Ordinance 15 of 1941, section 2 of Ordinance 11 of 1942, section 2 of Proclamation 28 of 1943, section 4 of Ordinance 47 of 1952, section 2 of Ordinance 31 of 1955, section 1 of Ordinance 44 of 1957, section 2 of Ordinance 34 of 1958, section 2 of Ordinance 22 of 1959, section 1 of Ordinance 4 of 1961, section 2 of Ordinance 5 of 1963, section 1 of Ordinance 3 of 1966 and section 1 of Ordinance 7 of 1967.

2. This ordinance shall be called the Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1968.

Short title.

